

# Provincial Gazette

# Provinsiale Koerant

5412

5412

Friday, 14 January 2000

Vrydag, 14 Januarie 2000

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

## CONTENTS

(\*Reprints are obtainable at Room 12-06, Provincial Building, 4 Dorp Street, Cape Town 8001.)

No.		Page
<b>Proclamations</b>		
5	Overberg District Council: Closure of a portion of minor road 233 .....	22
6	South Cape District Council: Closure of a portion of minor road 52/2G and the declaration of a minor road .....	22
7	South Cape District Council: Closure of minor road 21—vermaaklikheid.....	23
8	Winelands District Council: Closure of divisional road 1345 and minor road 29/6.....	23
<b>Provincial Notice</b>		
15	Stellenbosch Municipality: Removal of restrictions .....	24
<b>Removal of restrictions in towns</b>		
	Applications.....	24
<b>Tenders</b>		
	Notices.....	25
<b>Local Authorities</b>		
	Ashton Municipality: Closure .....	26
	Blaauwberg Municipality: Rezoning and subdivision.....	26
	City of Cape Town: Declaration of places where the carrying on of the business of street vendor, hawkers or pedlar is prohibited: Rylands/Gatesville.....	26
	City of Cape Town: Closure .....	26
	City of Tygerberg: Rezoning.....	27
	George Municipality: Departure .....	28
	Greyton Municipality: Tenders for the purchase of any one or more erven.....	27
	Greater Hermanus Municipality: Closure .....	28

(Continued on page 36)

## INHOUD

(\*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer 12-06, Provinsiale-gebou, Dorpstraat 4, Kaapstad 8001.)

No.		Bladsy
<b>Proklamasies</b>		
5	Overberg Distriksraad: Sluiting van 'n gedeelte van ondergeskikte pad 233 .....	22
6	Suid-Kaap Distriksraad: Sluiting van 'n gedeelte van ondergeskikte pad 52/2G en die verklaring van 'n ondergeskikte pad .....	22
7	Suid-Kaap Distriksraad: Sluiting van ondergeskikte pad 21—vermaaklikheid.....	23
8	Wynland Distriksraad: Sluiting van afdelingspad 1345 en ondergeskikte pad 29/6 .....	23
<b>Provinsiale Kennisgewing</b>		
15	Stellenbosch, munisipaliteit: Opheffing van beperkings ....	24
<b>Opheffing van beperkings in dorpe</b>		
	Aansoeke .....	24
<b>Tenders</b>		
	Kennisgewings .....	25
<b>Plaaslike Owerhede</b>		
	Ashton, munisipaliteit: Sluiting .....	25
	Blaauwberg, munisipaliteit: Hersonerings en onderverdeling .....	26
	George, munisipaliteit: Afwyking .....	28
	Greyton, munisipaliteit: Tenders vir die koop van enige een of meer van erwe .....	27
	Groter Hermanus, munisipaliteit: Sluiting .....	28
	Lutzville, munisipaliteit: Voorlopige aanvullende waardasielyste: 1999/2000 boekjaar .....	28
	Malmesbury Oorgangsraad: Hersonerings en onderverdeling .....	29
	Oostenberg, munisipaliteit: Hersonerings en onderverdeling .....	29
	Oostenberg, munisipaliteit: Vergunningsgebruik .....	29

(Vervolg op bladsy 36)

**PROCLAMATIONS**

PROVINCE OF WESTERN CAPE

ROADS ORDINANCE, 1976  
(ORDINANCE 19 OF 1976)

NO. 5/2000

OVERBERG DISTRICT COUNCIL:

**CLOSURE OF A PORTION OF MINOR ROAD 233**

Under section 3 of the Roads Ordinance, 1976 (Ordinance 19 of 1976), I hereby declare that the portion of the existing public road described in the Schedule and situated within the Overberg District Council area, the location and route of which are indicated by means of an unbroken blue line marked A-B on plan RL.47/21, which is filed in the offices of the Deputy Director-General: Transport, 25 Alfred Street, Cape Town, and the Chief Executive Officer, Overberg District Council, Bredasdorp, shall be closed.

Dated at Cape Town this 28th day of December 1999.

P MEYER, MINISTER OF TRANSPORT AND WORKS

Schedule I

The portion of Minor Road 233, from Trunk Road 2 on the property Remainder 399 to Main Road 265 on the property 391/5: a distance of about 4,2 km.

PROVINCE OF WESTERN CAPE

ROADS ORDINANCE, 1976  
(ORDINANCE 19 OF 1976)

NO. 6/2000

SOUTH CAPE DISTRICT COUNCIL:

**CLOSURE OF A PORTION OF MINOR ROAD 52/2G AND THE DECLARATION OF A MINOR ROAD**

Under sections 3 and 4 of the Roads Ordinance, 1976 (Ordinance 19 of 1976), I hereby declare that—

- 1.1 the portion of the existing public road described in Schedule I to this notice and situated within the South Cape District Council area, the location and route of which are as indicated by means of an unbroken blue line marked A-B on plan RL.46/6, shall be closed and
- 1.2 the road as described in Schedule II to this notice and situated within the South Cape District Council area, the location and route of which are indicated by means of a broken blue line marked C-B on plan RL.46/6, shall be a public road and classify such public road as a minor road.

Plan RL.46/6 is filed in the offices of the Deputy Director-General: Transport, 25 Alfred Street, Cape Town, and the Chief Executive Officer, South Cape District Council, P.O. Box 12, George.

Dated at Cape Town this 28th day of December 1999.

P MEYER, MINISTER OF TRANSPORT AND WORKS

Schedule I

The portion of Minor Road 52/2G, from a point on the property 227/7 Marmara to a point on the property 226/31 Doradale at the boundary common thereto and the property 227/40: a distance of about 200 m.

Schedule II

From Main Road 348 on the property 227/39 to a point on the property 226/31 Doradale at the boundary common thereto and the property 227/40: a distance of about 180 m.

**PROKLAMASIES**

PROVINSIE VAN WES-KAAP

ORDONNANSIE OP PAAIE, 1976  
(ORDONNANSIE 19 VAN 1976)

NO. 5/2000

OVERBERG DISTRIKRAAD:

**SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN ONDERGESKIKTE PAD 233**

Kragtens artikel 3 van die Ordonnansie op Paaie, 1976 (Ordonnansie 19 van 1976), verklaar ek hierby dat 'n gedeelte van die bestaande openbare pad in die Bylae beskrywe en binne die gebied van die Overberg Distrikraad geleë, waarvan die ligging en roete is soos aangedui deur middel van 'n ongebroke blou lyn gemerk A-B op plan RL.47/21, wat geliasseer is in die kantore van die Adjunk Direkteur-Generaal: Vervoer, Alfredstraat 25, Kaapstad, en die Hoof-Uitvoerende Beampte, Overberg Distrikraad, Bredasdorp, gesluit is.

Gedateer te Kaapstad op hede die 28ste dag van Desember 1999.

P MEYER, MINISTER VAN VERVOER EN WERKE

Bylae I

Die gedeelte van Ondergeskikte Pad 233, vanaf Grootpad 2 op die eiendom Restant 399 tot by Hoofpad 265 op die eiendom 391/5: 'n afstand van ongeveer 4,2 km.

PROVINSIE VAN WES-KAAP

ORDONNANSIE OP PAAIE, 1976  
(ORDONNANSIE 19 VAN 1976)

NO. 6/2000

SUID-KAAP DISTRIKRAAD:

**SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN ONDERGESKIKTE PAD 52/2G EN DIE VERKLARING VAN 'N ONDERGESKIKTE PAD**

Kragtens artikels 3 en 4 van die Ordonnansie op Paaie, 1976 (Ordonnansie 19 van 1976), verklaar ek hierby dat—

- 1.1 die gedeelte van die bestaande openbare pad in Bylae I van hierdie kennisgewing beskrywe en binne die gebied van die Suid-Kaap Distrikraad geleë, waarvan die ligging en roete is soos aangedui deur middel van 'n ongebroke blou lyn gemerk A-B op plan RL.46/6, gesluit is, en
- 1.2 die pad in Bylae II beskrywe en binne die gebied van die Suid-Kaap Distrikraad geleë, waarvan die ligging en roete is soos aangedui deur middel van 'n gebroke blou lyn gemerk C-B op plan RL.46/6, 'n openbare pad is en deel ek hierby sodanige pad in as 'n ondergeskikte pad.

Genoemde plan RL.46/6 is geliasseer in die kantore van die Adjunk Direkteur-Generaal: Vervoer, Alfredstraat 25, Kaapstad, en die Hoof-uitvoerende Beampte, Suid-Kaap Distrikraad, Posbus 12, George.

Gedateer te Kaapstad op hede die 28ste dag van Desember 1999.

P MEYER, MINISTER VAN VERVOER EN WERKE

Bylae I

Die gedeelte van Ondergeskikte Pad 52/2G, vanaf 'n punt op die eiendom 227/7 Marmara tot by 'n punt op die eiendom 226/31 Doradale by die gemeenskaplike grens daarvan en die eiendom 227/40: 'n afstand van ongeveer 200 m.

Bylae II

Vanaf Hoofpad 348 op die eiendom 227/39 tot by 'n punt op die eiendom 226/31 Doradale by die gemeenskaplike grens daarvan en die eiendom 227/40: 'n afstand van ongeveer 180 m.

## PROVINCE OF WESTERN CAPE

ROADS ORDINANCE, 1976  
(ORDINANCE 19 OF 1976)

NO. 7/2000

SOUTH CAPE DISTRICT COUNCIL:

## CLOSURE OF MINOR ROAD 21

Under section 3 of the Roads Ordinance, 1976 (Ordinance 19 of 1976), I hereby declare that the existing public road described in the Schedule and situated within the South Cape District Council area, the location and route of which are as indicated by means of an unbroken blue line marked A-B on plan RL.45/9, which is filed in the offices of the Deputy Director-General: Transport, 25 Alfred Street, Cape Town, and the Chief Executive Officer, South Cape District Council, George, shall be closed.

Dated at Cape Town this 28th day of December 1999.

P MEYER, MINISTER OF TRANSPORT AND WORKS

Schedule

Minor Road 21, from Divisional Road 1524 on the property 502 Koens Rust to Divisional Road 1521 on the property 496/11: a distance of about 10,8 km.

## PROVINSIE VAN WES-KAAP

ORDONNANSIE OP PAAIE, 1976  
(ORDONNANSIE 19 VAN 1976)

NO. 7/2000

SUID-KAAP DISTRIKRAAD:

## SLUITING VAN ONDERGESKIKTE PAD 21

Kragtens artikel 3 van die Ordonnansie op Paaie, 1976 (Ordonnansie 19 van 1976), verklaar ek hierby dat die bestaande openbare pad in die Bylae beskrywe en binne die gebied van die Suid-Kaap Distrikraad geleë, waarvan die ligging en roete is soos aangedui deur middel van 'n ongebroke blou lyn gemerk A-B op plan RL.45/9, wat geliasseer is in die kantore van die Adjunk Direkteur-generaal: Vervoer, Alfredstraat 25, Kaapstad, en die Hoof-uitvoerende Beampte, Suid-Kaap Distrikraad, George, gesluit is.

Gedateer te Kaapstad op hede die 28ste dag van Desember 1999.

P MEYER, MINISTER VAN VERVOER EN WERKE

Bylae

Ondergeskikte Pad 21, vanaf Afdelingspad 1524 op die eiendom 502 Koens Rust tot by Afdelingspad 1521 op die eiendom 496/11: 'n afstand van ongeveer 10,8 km.

## PROVINCE OF WESTERN CAPE

ROADS ORDINANCE, 1976  
(ORDINANCE 19 OF 1976)

NO. 8/2000

WINELANDS DISTRICT COUNCIL:

## CLOSURE OF DIVISIONAL ROAD 1345 AND MINOR ROAD 29/6

Under section 3 of the Roads Ordinance, 1976 (Ordinance 19 of 1976), I hereby declare that the existing public roads described in the Schedules and situated within the Winelands District Council area, the locations and routes of which are indicated by means of an unbroken green line marked A-B-C and an unbroken blue line marked B-D on plan RL.45/17, which is filed in the offices of the Deputy Director-General: Transport, 25 Alfred Street, Cape Town, and the Chief Executive Officer, Winelands District Council, Stellenbosch, shall be closed.

Dated at Cape Town this 28th day of December 1999.

P MEYER, MINISTER OF TRANSPORT AND WORKS

Schedule I

Divisional Road 1345, from Divisional Road 1343 on the property 1106 to a point on the property 1541 near the easternmost beacon of the property 1402/3: a distance of about 650 m.

Schedule II

Minor Road 29/6, from Divisional Road 1345 on the property 1541 to a point on the property Remainder 1416 at the boundary common thereto and the said property 1541: a distance of about 170 m.

## PROVINSIE VAN WES-KAAP

ORDONNANSIE OP PAAIE, 1976  
(ORDONNANSIE 19 VAN 1976)

NO. 8/2000

WYNLAND DISTRIKRAAD:

## SLUITING VAN AFDELINGSPAD 1345 EN ONDERGESKIKTE PAD 29/6

Kragtens artikel 3 van die Ordonnansie op Paaie, 1976 (Ordonnansie 19 van 1976), verklaar ek hierby dat die bestaande openbare paaie in die Bylaes beskrywe en binne die gebied van die Wynland Distrikraad geleë, waarvan die liggings en roetes is soos aangedui deur middel van 'n ongebroke groen lyn gemerk A-B-C en 'n ongebroke blou lyn gemerk B-D op plan RL.45/17, wat geliasseer is in die kantore van die Adjunk Direkteur-Generaal: Vervoer, Alfredstraat 25, Kaapstad, en die Hoof-uitvoerende Beampte, Wynland Distrikraad, Stellenbosch, gesluit is.

Gedateer te Kaapstad op hede die 28ste dag van Desember 1999.

P MEYER, MINISTER VAN VERVOER EN WERKE

Bylae I

Afdelingspad 1345, vanaf Afdelingspad 1343 op die eiendom 1106 tot by 'n punt op die eiendom 1541 naby die oostelikste baken van die eiendom 1402/3: 'n afstand van ongeveer 650 m.

Bylae II

Ondergeskikte Pad 29/6, vanaf Afdelingspad 1345 op die eiendom 1541 tot by 'n punt op die eiendom Restant 1416 by die gemeenskaplike grens daarvan en die genoemde eiendom 1541: 'n afstand van ongeveer 170 m.

**PROVINCIAL NOTICE**

The following Provincial Notice is published for general information.

L. D. BARNARD,  
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Building,  
Wale Street,  
Cape Town.

P.N. 15/2000

14 January 2000

**STELLENBOSCH MUNICIPALITY:****REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967**

I, André John Lombaard, in my capacity as Assistant Director in the Department of Planning, Local Government and Housing: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owner of Erf 4468, Stellenbosch, remove condition E.13.(b). in Deed of Transfer No. T.26727 of 1975.

**PAARL MUNICIPALITY:**

**REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967  
(ACT 84 OF 1967): SUBDIVISION OF ERF 5502,  
PAARL: ROOSEVELT STREET**

Notice is hereby given in terms of section 3(6) of the above Act that the undermentioned application has been received and is open to inspection at the office of the Town Planner and Land Surveyor, Administrative Offices, Civic Centre, Berg River Boulevard, Paarl, and at the office of the Director: Land Development Management, Provincial Administration of the Western Cape, at Room 10-12, 27 Wale Street, Cape Town, from 08:00-12:30 and 13:00-15:30 (Mondays to Fridays). Any objections, with full reasons therefor, should be lodged in writing at the office of the above-mentioned Director: Land Development Management, Private Bag X9083, Cape Town 8000, with a copy to the above-mentioned Local Authority, on or before 11 February 2000 quoting the above Act and the objector's erf number.

*Applicants**Nature of Application*

A. L. van der Westhuizen & D. L. Human	Removal of restrictive title conditions applicable to the remainder of Erf 5502, Louis Botha and Roosevelt Streets, Paarl, in order to subdivide the property into two portions (Portion 1 — ± 527 m <sup>2</sup> and Portion 2 — ± 293 m <sup>2</sup> ) for single residential purposes.
--	---

A. J. Sauls, Town Clerk.

**PROVINSIALE KENNISGEWING**

Die volgende Provinsiale Kennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

L. D. BARNARD,  
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale-gebou,  
Waalstraat,  
Kaapstad.

P.K. 15/2000

14 Januarie 2000

**MUNISIPALITEIT STELLENBOSCH:****WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967**

Ek, André John Lombaard, in my hoedanigheid as Assistent-Direkteur in die Departement van Beplanning, Plaaslike Bestuur en Behuising: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoortlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdhede, 1994, en op aansoek van die eienaar van Erf 4468, Stellenbosch, hef voorwaarde E.13.(b). in Transportakte Nr. T.26727 van 1975, op.

**MUNISIPALITEIT PAARL:**

**WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967  
(WET 84 VAN 1967): ONDERVERDELING VAN ERF 5502,  
PAARL: ROOSEVELTSTRAAT**

Kragtens artikel 3(6) van bostaande Wet word hiermee kennis gegee dat die onderstaande aansoek ontvang is en ter insae lê by die kantoor van die Stadsbeplanner en Landmeter, Administratiewe Kantore, Burgersentrum, Bergrivier Boulevard, Paarl, en by die kantoor van die Direkteur: Grondontwikkelingsbestuur, Provinsiale Administrasie van die Wes-Kaap, by Kamer 10-12, Waalstraat 27, Kaapstad, vanaf 08:00-12:30 en 13:00-15:30 (Maandae tot Vrydae). Enige besware, met die volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die kantoor van die bogenoemde Direkteur: Grondontwikkelingsbestuur, Privaatsak X9083, Kaapstad 8000, met 'n afskrif aan die bogenoemde Plaaslike Owerheid, ingedien word op of voor 11 Februarie 2000 met vermelding van bogenoemde Wet en die beswaarmaker se erfnummer.

*Aansoekers**Aard van Aansoek*

A. E. van der Westhuizen & D. L. Human	Opheffing van beperkende titelvoorwaardes van toepassing op die restant van Erf 5502, Louis Botha- en Rooseveltstraat, Paarl, ten einde die eienaar in staat te stel om die eiendom in twee gedeeltes te onderverdeel (Gedeelte 1 — ± 527 m <sup>2</sup> en Gedeelte 2 — ± 293 m <sup>2</sup> ) vir enkelresidensiële doeleindes.
--	---

A. J. Sauls, Stadsklerk.

## KNYSNA MUNICIPALITY:

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967  
(ACT 84 OF 1967)

It is hereby notified in terms of section 3(6) of the above Act that the undermentioned application has been received by the Provincial Administration of the Western Cape, and is open for inspection at the office of the Town Clerk/Secretary/Chief Executive Officer, 1st Floor, Municipal Offices, Clyde Street, Knysna. Any objections, with full reasons therefor, should be lodged in writing at the office of the above-mentioned Local Authority on or before Friday, 11 February 2000 quoting the above Act and the objector's erf number. The application is also open for inspection at Room 10-23, 27 Wale Street, Cape Town, from 08:00-12:30 and 13:00-15:30 (Mondays to Fridays).

<i>Applicant</i>	<i>Nature of Application</i>
Lourie Trust (No IT1179/99)	Removal of a restrictive title condition applicable to Erf 2005, Thornley Street, Leisure Isle, Knysna, to enable the owner to erect a roof over the existing pergola. The lateral building line will be contravened.

## CITY OF TYGERBERG:

## NOTICE NO. SB 1/2000

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967  
(ACT 84 OF 1967)

It is hereby notified in terms of section 3(6) of the above Act that the undermentioned application has been received and is open to inspection at Room 10-12, 27 Wale Street, Cape Town, from 08:00-13:00 and 14:00-15:30 (Mondays to Fridays) and Room 317, Third Floor, Municipal Offices: Parow Administration, Voortrekker Road, Parow. Any objections, with full reasons therefor, should be lodged in writing with the Chief Executive Officer: City of Tygerberg: Service Area Central, P.O. Box 11, Parow 7500, on or before 11 February 2000 quoting the above Act and the objector's erf number.

<i>Applicants</i>	<i>Nature of Application</i>
N. D. & S. M. van der Westhuizen	Removal of restrictive title conditions applicable to Erf 876, 51 C. J. Langenhoven Street, Parow North, to enable the owner to operate a mechanical workshop from the existing garage on the property.

D. V. Wilken, Chief Executive Officer, Municipal Offices: Parow, Voortrekker Road, Parow.

CE 16/3/2/6/12. Friday, 21 January 2000.

## TENDERS

**N.B.** Tenders for commodities/services, the estimated value of which exceeds R20 000, are published in the Government Tender Bulletin, which is obtainable from the Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, on payment of a subscription.

## MUNISIPALITEIT KNYSNA:

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967  
(WET 84 VAN 1967)

Kragtens artikel 3(6) van bostaande Wet word hiermee kennis gegee dat die onderstaande aansoek deur die Provinsiale Administrasie van die Wes-Kaap ontvang is en ter insae lê by die kantoor van die Stadsklerk/Sekretaris/Hoof-uitvoerende Beampte, 1ste Vloer, Munisipale Kantore, Clydestraat, Knysna. Enige besware, met die volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die kantoor van die voormelde Plaaslike Owerheid ingedien word voor of op Vrydag, 11 Februarie 2000 met vermelding van bogenoemde Wet en beswaarmaker se ernommer. Die aansoek lê ook ter insae by Kamer 10-23, Waalstraat 27, Kaapstad, vanaf 08:00-12:30 en 13:00-15:30 (Maandae tot Vrydae).

<i>Aansoeker</i>	<i>Aard van Aansoek</i>
Lourie Trust (No IT1179/99)	Opheffing van 'n beperkende titelvoorwaarde van toepassing op Erf 2005, Thornleystraat, Leisure Isle, Knysna, ten einde die eienaar in staat te stel om 'n afdak oor die bestaande priedel op te rig. Die laterale boulyn sal oorskry word.

## STAD TYGERBERG:

## KENNISGEWING NR. SB 1/2000

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967  
(WET 84 VAN 1967)

Kragtens artikel 3(6) van bostaande Wet word hiermee kennis gegee dat onderstaande aansoek ontvang is en ter insae lê by Kamer 10-12, Waalstraat 27, Kaapstad, vanaf 08:00-13:00 en 14:00-15:30 (Maandae tot Vrydae) en in Kamer 317, Derde Verdieping, Munisipale Kantoor: Parow Administrasie, Voortrekkerweg, Parow. Enige besware, met die volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die Hoof-uitvoerende Beampte: Stad Tygerberg: Diensarea Sentraal, Posbus 11, Parow 7500, ingedien word op of voor 11 Februarie 2000 met vermelding van bogenoemde Wet en beswaarmaker se ernommer.

<i>Aansoekers</i>	<i>Aard van Aansoek</i>
N. D. & S. M. van der Westhuizen	Opheffing van beperkende titelvoorwaardes van toepassing op Erf 876, C. J. Langenhovenstraat 51, Parow-Noord, ten einde die eienaar in staat te stel om 'n meganiese werkwinkel vanuit die bestaande motorhuis op die eiendom te bedryf.

D. V. Wilken, Hoof-uitvoerende Beampte, Munisipale Kantore: Parow, Voortrekkerweg, Parow.

CE 16/3/2/6/12. Vrydag, 21 Januarie 2000.

## TENDERS

**L.W.** Tenders vir kommoditeite/dienste waarvan die beraamde waarde meer as R20 000 beloop, word in die Staatstenderbulletin gepubliseer wat by die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, teen betaling van 'n intekengeld verkrygbaar is.

**NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES****ASHTON MUNICIPALITY:****CLOSURE OF PORTION OF LA ROCHELLE ROAD ADJOINING  
ERVEN 180, 762, 183 AND 184, ASHTON**

Notice is hereby given in terms of section 137(1) of the Municipal Ordinance, 1974 (No. 20 of 1974) that a portion of La Rochelle Road adjoining Erven 180, 762, 183 and 184, Ashton, has been closed. (Surveyor-General's reference S/2896/14 (p. 97).) — N. Nel, Chief Executive/Town Clerk, Private Bag X2, Ashton 6715. 9558

**BLAAUWBERG MUNICIPALITY:**

It is hereby notified that the undermentioned application has been received by the Blaauwberg Municipality and is open for inspection at the Racecourse Premises, Racecourse Road, Milnerton. Any objections, with full reasons therefor, should be lodged in writing with the Chief Executive Officer, P.O. Box 35, Milnerton 7435, by no later than 4 February 2000 quoting the objector's erf number.

*Nature of application:*

The subdivision and rezoning of the subdivided (northern) portion of Erf 1943, Milnerton, situated at the Killarney Works Yard, c/o Koeberg and Blaauwberg Roads, from municipal purposes to general business (GB 2) (light industrial use and offices) to enable Council to dispose of the land by way of a public tender process.

*Applicant:* Blaauwberg Municipality.

(Ref. No.: 16/5/1/8)

for P. M. Gerber, Chief Executive Officer. 9559

**MUNICIPALITY OF THE CITY OF CAPE TOWN:****DECLARATION OF PLACES WHERE THE CARRYING ON OF THE  
BUSINESS OF STREET VENDOR, PEDLAR OR HAWKER IS  
PROHIBITED/RESTRICTED: RYLANDS/GATESVILLE**

Notice is hereby given in terms of section 6A(2) of the Businesses Act, 1991 that the area bounded by Klipfontein Road, Johnston Road, Repulse Road, Reen Avenue, David Road, Turfhall Road, Orion Road and Comet Road, Rylands, as shown in bold black on the attached plan, is an area in which the carrying on of the business of street vending, peddling or hawking is prohibited, with the exception of stands depicted on the said plan and numbered 1 to 191 wherein the carrying on of the business of street vendor, pedlar or hawker is restricted to persons in possession of a valid Municipal lease/permit.

This notice shall take effect on the date of publication in the Provincial Gazette. — A. Boraine, City Manager. 9560

**CITY OF CAPE TOWN:****CLOSURE OF A PORTION OF ROAD ADJOINING  
ERF 116025, CAPE TOWN AT MAITLAND**

(L.7/7/317/SD) (Sketch Plan SZC.420)

The portion of road adjoining Erf 116025, Cape Town at Maitland, shown lettered ABCDEFGH on Sketch Plan SZC.420 is hereby closed in terms of section 137 of Municipal Ordinance 20 of 1974. (S/9619/78 (p. 223).) — A. Boraine, City Manager, Civic Centre, Cape Town.

14 January 2000.

9561

**KENNISGEWINGS DEUR PLAASLIKE OWERHEDE****MUNISIPALITEIT ASHTON:****SLUITING VAN GEDEELTE VAN LA ROCHELLEWEG GRESEND  
AAN ERWE 180, 762, 183 EN 184, ASHTON**

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 137(1) van die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Nr. 20 van 1974) dat 'n gedeelte van La Rochelleweg, aangrensend aan Erwe 180, 762, 183 en 184, Ashton, gesluit is. (Landmeter-generaal se verwysing S/2896/14 (p. 97).) — N. Nel, Uitvoerende Hoof/Stadsklerk, Privaatsak X2, Ashton 6715. 9558

**MUNISIPALITEIT BLAAUWBERG:**

Kennisgewing geskied hiermee dat die onderstaande aansoek deur die Munisipaliteit Blaauwberg ontvang is en ter insae lê by die Renbaan Perseel, Racecourseweg, Milnerton. Enige besware, met volledige redes daarvoor, moet teen nie later nie as 4 Februarie 2000 skriftelik by die Hoof-uitvoerende Beampte, Posbus 35, Milnerton 7435, ingedien word, met vermelding van die beswaarmaker se ernommer.

*Aard van aansoek:*

Die onderverdeling en hersonering van die onderverdeelde (noordelike) gedeelte van Erf 1943, Milnerton, geleë te Killarney Works Yard, h/v Koeberg- en Blaauwbergweg, van munisipale doeleindes na algemene sake (GB 2) (ligte industrieel en kantore) om die Raad in staat te stel om die grond deur middel van 'n publieke tenderproses te verkoop.

*Aansoeker:* Munisipaliteit Blaauwberg.

(Verwysing Nr.: 16/5/1/8)

namens P. M. Gerber, Hoof-uitvoerende Beampte. 9559

**MUNISIPALITEIT VAN DIE STAD KAAPSTAD:****VERKLARING VAN PLEKKE WAAR DIE BEDRYF VAN DIE  
BESIGHEID VAN STRAATHANDELAAR, VENTER OF SMOUS  
VERBOD/BEPERK IS: RYLANDS/GATESVILLE**

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 6A(2) van die Wet op Besighede, 1991 dat die gebied begrens deur Klipfonteinweg, Johnstonweg, Reenlaan, Davidweg, Turfhallweg, Orionweg en Cometweg, Rylands, soos aangetoon in swart vet letters op die aangehegte plan, 'n gebied is waar die bedryf van die besigheid van straathandel, ventery of smousery verbied is, met die uitsondering van staanplekke wat op die genoemde plan afgebeeld word en van 1 tot 191 genommer is waar die bedryf van die besigheid van straathandelaar, venter of smous beperk is tot persone in besit van 'n geldige Munisipale huurkontrak/-permit.

Hierdie kennisgewing tree op die datum van publisering in die Provinsiale Koerant in werking. — A. Boraine, Stadsbestuurder. 9560

**STAD KAAPSTAD:****SLUITING VAN GEDEELTE VAN PAD AANGRENSEND AAN  
ERF 116025, KAAPSTAD TE MAITLAND**

(L.7/7/317/SD) (Sketsplan SZC.420)

Die gedeelte van pad aangrensend aan Erf 116025, Kaapstad te Maitland, wat met die letters ABCDEFGH op Sketsplan SZC.420 aangetoon word, word hiermee ingevolge artikel 137 van Munisipale Ordonnansie 20 van 1974 gesluit. (S/9619/78 (p. 223).) — A. Boraine, Stadsbestuurder, Burgersentrum, Kaapstad.

14 Januarie 2000.

9561

## CITY OF TYGERBRG:

## SERVICE AREA NORTH

PROPOSED REZONING: FARM EXCELSIOR NO. 58,  
KLIPHEUWEL

Notice is hereby given in terms of section 17 of Ordinance 15 of 1985 that the City Council has received an application for the rezoning in respect of the farm Excelsior No. 58, Klipheuwel (in total 60,5282 ha in extent) from rural to subdivisional area. According to the application it is intended to develop the farm into a residential estate.

Further particulars are available on appointment from Mr. J. van Heerden, Directorate Planning and Economic Development, Service Area North, Municipal Offices, Oxford Street, Durbanville (tel: (021) 970-3053), during office hours (08:00-13:00 and 13:45-16:30).

Any objection and/or comment to the above application, with full reasons thereof, should be directed in writing to the undersigned not later than Monday, 7 February 2000. — (for) Chief Executive Officer, P.O. Box 100, Durbanville 7551.

Notice No: 1/2000. (Reference: N 16/3/2/4/31)

10 January 2000.

9562

## GREYTON MUNICIPALITY:

TENDERS FOR THE PURCHASE OF ANY ONE OR MORE OF ERVEN 1409, 1410, 1411, 1412, 1413 AND 1414, SITUATED IN RYCROFT STREET AND ERVEN 1416, 1417, 1418, 1419, 1420, 1421, 1422, 1423, 1424 AND 1425, SITUATED IN PARK STREET, GREYTON

Notice is given in terms of sections 124 of the Municipal Ordinance, 1974 (Ordinance 20 of 1974) that the Greyton Municipality proposes to sell the above-mentioned single residential erven.

Only Tenders on the prescribed documents of the Council will be considered. No late tender, facsimile and/or E-Mail will be considered, and the Council does not bind itself to accept the highest or any Tender.

The Tender documents must be lodged to the Municipal Offices, 16 Ds. Botha Street, Greyton, by no later than 10:00 on 7 February 2000 or posted to P.O. Box 4 Greyton 7233, to reach the undersigned before the aforementioned time and date.

Tenders must be submitted in a sealed envelope, the outside clearly marked "TENDER: PURCHASE OF RESIDENTIAL ERF, GREYTON."

Tenders will be opened in public immediately after the closing time at the Council Chamber, Greyton Municipality, at the address below.

For the purposes of section 124 of Ordinance 20 of 1974, this notice serves to advise that the terms and conditions of the proposed Agreement of Sale are available for inspection at the Municipal Office, 16 Ds. Botha Street, Greyton, during ordinary office hours. Any objections to the proposed sale of the above-mentioned property must be lodged in writing with the undersigned by no later than 10:00 on 4 February 2000. — Le R. Verwey, Chief Executive Officer/Town Clerk, Municipal Offices, P.O. Box 4, Greyton 7233.

Reference No: 8/2/1/27 Notice No: 37-1999/2000.

14 January 2000.

9564

## STAD TYGERBRG:

## DIENSAREA NOORD

VOORGESTELDE HERSONERING: PLAAS EXCELSIOR NR. 58,  
KLIPHEUWEL

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge artikel 17 van Ordonnansie 15 van 1985 dat die Stadsraad 'n aansoek om herosenering ten opsigte van die plaas Excelsior Nr. 58, Klipheuwel (in totaal 60,5282 ha groot) vanaf landelik na onderverdelingsgebied, ontvang het. Volgens die aansoek word beoog om die plaas in 'n residensiële landgoed te ontwikkel.

Nadere besonderhede is gedurende kantoorure (08:00-13:00 en 13:45-16:30) op afspraak by mnr. J. van Heerden, Direkoraat Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling, Diensarea Noord, Munisipale Kantore, Oxfordstraat, Durbanville (tel: (021) 970-3053) beskikbaar.

Enige beswaar en/of kommentaar teen bogemelde aansoek, met die volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die ondergetekende ingedien word nie later nie as Maandag, 7 Februarie 2000. — (vir) Hoof-uitvoerende Beampte, Posbus 100, Durbanville 7551.

Kennisgewing Nr: 1/2000. (Verwysing: N 16/3/2/4/31)

10 Januarie 2000.

9562

## MUNISIPALITEIT GREYTON:

TENDERS VIR DIE KOOP VAN ENIGE EEN OF MEER VAN ERWE 1409, 1410, 1411, 1412, 1413 EN 1414, GELEË TE RYCROFTSTRAAT EN ERWE 1416, 1417, 1418, 1419, 1420, 1421, 1422, 1423, 1424 EN 1425, GELEË TE PARKSTRAAT, GREYTON

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 124 van die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Ordonnansie 20 van 1974) dat die Munisipaliteit Greyton van voornemens is om die bovermelde enkelresidensiële erwe te verkoop.

Slegs Tenders ingedien op die voorgeskrewe tenderdokument van die Raad sal oorweeg word. Geen laat tender, faksimile en/of E-Pos, sal deur die Raad oorweeg word nie en die Raad behou die reg om nie die hoogste of enige Tender te aanvaar nie.

Tenderdokumente moet voor of op 10:00 op 7 Februarie 2000 ingehandig word by die Munisipale Kantore, Ds. Bothastraat 16, Greyton, of kan gepos word na Posbus 4, Greyton 7233, om die ondergetekende te bereik voor of op die sluitingsdatum voormeld.

